Ps. 25 : 1, 2.
Ges. 33 : 1, 2.
Ges. 120 : 4.

# Is dit ek ?

Mt. 26 : 17-25
Joh. 13 : 21-25

Voorb. Nagmaal Lkt
Jul. 42, Mid. Diens

—

Mt. 26 : 22, 25 } Is dit miskien ek, Rabbi ?
Joh. 13 : 25 } " " " " Here ?
Here, wie is dit ?

„Een van julle sal my verraai". Geen bom kon groter konsternasie veroorsaak het onder d. diss. as hd. woorde van Jesus die aand in die bovertrek // Onmoontlik! Buite die kwessie! so het almal gesê - of altans hulle gesigte gesê. En hulle harte, - wat het dié gesê?

„Een van julle sal my verraai" Dit sê Xt. vlm aan ons. Onmoontlik! Buite die kwessie - so staan dit miskien op ons gesigte ook te lees - mr is dit nie wel moontlik nie? // Het u of ek dit nie gedoen die afgel. 3 maande, 3 dae, 3 uur?

Ek weet nie wat u sal sê nie, mr. kyk vir 'n oomblik na wat die diss. gesê het. // Elkeen v. hulle is dié aand pertinent & direk voor die vr. gestel in sy binneste: Is dit ek? // Jesus se ontstellende aank. was 'n uitdaging aan elkeen persoonlik - 'n toetsvraag wat elke dis. na sy eie lewe uitgedyne het om h/s. te ondersoek: Is dit ek? Elkeen moes antw. - al was dit net in die stilte v. sy hart - soos elkeen v. ons ook moet antw.

Kyk watter antw. kry ons - 3 antwoorde, elkeen 'n openb. v. hulle gesindhd. (houding) voor die Heer.

Eers Judas: Is dit miskien ek, Rabbi?
Dan diss: Is dit " ", Here?
- Joh. : Here, wie is dit?

Elkeen van hd. antw. - elkeen in vorm v. vr. Elke antw. spreek boekdele - elkeen die bewys van wat omgegaan het in die harte v. dd. groepie wat met Jes. aan tafel was.

En As die Here hd aan ons kom sê: „Een v. julle sal my verraai" wat sal u antw.? (wat in u hart omgaan?)

Ons wil kyk na die antw. W/om so? Wat skuil agter? Op oog nie baie verskil: Almal diss. grondgedagte: Is dit ek? (laat sien: dat dit watter geval is elkeen gebore?

Judas se antw:

I gebore uit skuld: „Is dit miskien ek, Rabbi?"

i) Klein woordjies het groot betekenis: let op Jud se antw: verskil v. ander. Gebr. nie die uit naam Here nie; mr. meer alg. beleefdheidsnaam van dd. tyd: Rabbi. Hy waag nie om die liefkings-naam: Here op sy lippe te neem nie = waarom? Daar is iets wat hom hinder om dit te noem – die besef dat hy skuldig is. Diep in sy hart weet hy dat hy reeds klaar besluit het om sy Meester te verraai. Op daardie oomblik kan hy sy Meester nie in die oë kyk nie – daardie oë wat diep in sy hart gelees het die swart verraad, die duiwelse voorneme, die sondige gedagte. Judas staan veroordeel

ii) Mr. hoe is dit moontlik? Hoe het dit so gekom? Drie jr saam m. Jesus – gedeel in al die voorregte, gesien v. al die liefdesdade, een van die intieme vriendekring – mr. alles verniet! Hoe het dit so gekom? Daar is net een antw: met Judas gegaan soos met enige sonde: klein begin. Lus d. lus vir geld, toe die teuge afaan – en eindelik die groot misdaad! Judas, Judas, waarom het d. duiwel jou nie verlei?

iii) Mr. dit was nog nie so erg nie – dit kan nog gaan: want wie v. ons word nie ook verkeerd nie? Wie v. ons val nie in sonde nie? Mr. die swaarste, die treurigste v. alles was – Judas se huigelagtigheid – sy skaamtelose verweer: Is dit miskien ek, Rabbi? Asof hy Jesus kan bedrieg? Asof hy sy sonde voor Xtus kan wegsteek! self gered!

iv) Wat sou Jesus doen? Hom aan die kaak stel? Mr. d. ander diss sê: Dis hy – gryp hom! Niks daarvan nie. Net die woorde wat Hy sag aan Judas alleen sê: Jy het dit gesê! Laat Judas gaan – want Judas mag nie d. tafel onthelig nie – hy mag nie die innige samesyn v.d. oomblik steur nie. En dadelik het Judas opgestaan en uitgegaan – en dit was nag!

→ Br. & St. – As die Here vdd aan ons kom sê: Een v. julle wat sal ons antw? Sal daar ook 'n Judas onder ons wees? Een wat ook sal vra: Is dit nie miskien ek, Rabbi? – Dan mag u nie saam aansit nie – God het geen plek vir huigelaars!

II Die Tien se antw. gebore uit wantroue: „Is dit miskien ek, Here?" So het die ander 10 gevra – almal behalwe Joh. Ook tot hulle het die aanklag v.d. Heer gekom: „Een v. julle –" Ook by hulle wat J. gehad het dat elkeen hom die vr. sal stel: Is dit ek? // Wat doen hulle? Hulle kyk na mekaar asof elkeen wil sê aan hom en aan d. ander: Maar dis tog nie ek nie? Dit kan nie wees nie! Geen van hulle kon dink dat hy die verraaier was nie, mr. tog was geen seker dat hy dit nie sou word nie: daarom hulle vr.: Is dit miskien ek? Hulle harte vol onsekerheid, twyfel, wantroue = elkeen suspisie op d. ander een: „Dis seker Petrus", Nee, dis seker Jakobus" Mr dis seker nie ek nie!

— Waarom die onsekerheid? Die wankelende geloof? Wat was verkeerd? – Dit: Daar was nog dinge in hulle lewe wat hulle aangekla het – die saak tussen hulle en hulle Meester was nog nie reg nie: hulle lewe was nog nie skoon & rein!

Mr. br. & st., let asb. daarop, Jesus laat hulle nie weggaan nie – hy laat hulle bly. Waarom? Was hulle dan nie ook verk. nie? Watter verskil was daar dan tussen hulle & Judas? Dit: Hulle lewe nog vol sonde, gebreke ens. – mr. daar was in hulle geen bose bedoelings, geen bewuste kwaad: hulle was ook skuldig – mr. nie m.d. bewuste skuld v. Judas! ~~hulle sonde was hulle swak ... nie~~ Daarom kan hulle m. nog sê: Here & nie Rabbi soos m.d.

→ Br. & st., Geliefdes – die Heer kom vra na Is dit ek? baie emstige vr. dis asof hy, gedagtig aan die antw. v.d. diss kom sê aan elkeen v ons: As daar traagheid is in my doop & gemeenskap: Is dit nie miskien ek? As daar verdeeldheid bestaan tussen partye & groepe: Is dit nie miskien ek? As daar verwydering gekom het tussen een fam. & d. ander: Is dit nie miskien ek? As ek môre iemand met my a.d. Nagmaalstafel sien sit, wat ek nie met 'n rein gemoed die hand kan reik of kan groet nie in my huis: Is dit nie miskien ek? ① Ek moet dit antw br. & st. ② As daar iets v.d. aard is wat u hinder weet dan dat die Heer wil hê dat u dit uit d. weg ruim

baie duid. besef – nie rede gehad nie te gly

min – anders geen seën // Nr. laat dit ons a.d. aandete nooit nie volaans nie afskrik om te kom aansit a.d. tafel nie. Hy ken u swakhede + gebreke soos by die dis. s'n geken het – mr nogtans was hulle welkom! – u ook!

III Joh. se antw. gebore uit liefde: "H, wie is dit?" Hê

So vra Joh terwyl hy m. sy kop gaan lê op die bors v. sy Meester. // Watter verskil in sy antw.! Dadelik besef ons: Hier is 'n man wat geen twyfel het aan hfself nie, daar is by hom geen gewetenskwelling of vraeg nie. Hy dink nie vir een oomblik daaraan dat die Meester dit ooit op hom kan bedoel nie – waarom nie?

het een antw: Hy het Xtus liefgehad. Vir hom was Jesus in werklikhd sy vriend, sy Meester, sy Leidsman – sy lewe gestel in d. hand v. sy Heer – alles aan hom gegee! – sou Xt nooit verraai! Die gedagte was ver weg. Die vr. v. Xt het by hom dan ook net opmunt dig besef gewek + d. bewys gelewer van hoe innig + opreg sy liefde tot sy Meester was!

→ So, br. + st., kom Jesus vra na u + my m. d. vrae: „Een v. julle.." Watter antw. sal u gee? Dis vir u om te gee. Ver. watter antw. sal J. verlang? Waarom vra Hy dit aan ons?

Daar is net een antw: Hy wil weet: Het jy my lief? Al die ander dinge is soos 'n skaduwee – ons gods. By hd. een ding: Het jy my lief? Niks anders tel: nie my goeie verdienste, nie my godsd., nie my kerkgaan, nie my mooi + voorb. lewe – net die een ding groot vraag:

Het jy my lief?

Amen.